JAARVERSLAG: 2020

RATA MAATSKAPLIKE DIENSTE

Rata Maatskaplike Dienste is in die bevoorregte posisie om in ‘n onseker wêreld, mense van gebrokenheid na heelheid te lei. Die waardes wat ons nastreef (Integriteit, Betroubaarheid, Etiese gedrag, Geloof, Professionalisme, Deursigtigheid en Geloofwaardigheid) maak die organisasie uniek in ons dienslewering en is ons personeel trots om aan die organisasie gekoppel te wees.

As kinder- en gesinsorg organisasie is Rata se hoofdoel om kwesbare kinders te beveilig. Mense is so geneig om te sê: “My kind is die lig in my lewe!” Wie van ons besef werklik dat daar kinders is wie se liggies weens hul Maatskaplike omstandighede nie altyd so helder skyn en ander wie se liggies heeltemal verdof het nie? Die grootste hoeveelheid aanmeldings wat die organisasie ontvang, handel oor kinders wie se veiligheid bedreig word. Armoede, egskeidings, alkohol- en dwelm misbruik, werkloosheid en emosionele onstabiliteit van die ouers speel dikwels hier ‘n rol. Aangesien die verwydering van ‘n kind uit gesinsverband altyd die laaste opsie vir Rata is, word daar (waar moontlik) eers dienste aan die gesin gelewer om die kernprobleem aan te spreek. Dit gebeur ongelukkig ook dat die omvang van die probleem so groot is, dat onmiddelike verwydering van ‘n kind onafwendbaar is. Daar is die afgelope jaar 728 kinders by Kinderhofondersoeke betrek, wat bykans 300 kinders meer as die vorige jaar beloop. Die meeste van hierdie kinders was aan emosionele en/of fisiese mishandeling blootgestel.

Die behoefte bestaan deurlopend aan gesinne wie bereid is om kinders wie verwyder word tydelik te versorg of selfs in pleegsorg te neem. Ouerpare wie die behoefte het om ‘n verskil in ‘n kind se lewe te maak, is welkom om by hul naaste Rata kantoor aan te meld met die oog op ‘n keuringsproses om hierdie taak te kan vervul. Kinders is dikwels aangewese op plasing in ‘n Kinderhuis, omdat daar altyd ‘n tekort aan pleegouers bestaan. Daar is die afgelope jaar dienste aan 2535 kinders en pleegouers gelewer. ‘n Totaal van 4715 kinders is by een of ander vorm van statutêre dienste betrek, wat kinderhofondersoeke, aannemings, vakansie toesigdienste en alkohol- en dwelmverwante sake insluit.

Die funksionering van Rata Maatskaplike Dienste gaan dikwels met groot uitdagings gepaard wat gereeld aanleiding gee tot intensiewe ondersoek om die situasie aan te spreek. Die afgelope jaar is die volgende knelpunte identifiseer:

- Toename in die moeilikheidsgraad van werksladings (sake raak meer gekompliseerd en by talle sake word die regsprofessie betrek om die ouers te beskerm, wat nie noodwendig in die belang van die kinders is nie)

- Hoë personeelomset. (Maatskaplike werkers sukkel met die druk van hoë gevalleladings en moet daar deurlopend gewaak word teen uitbranding van personeel)
- Onveilige werksareas en bedreiging van die veiligheid van personeel (Die areas waar Rata werk is nie altyd veilig om te betree nie en personeel moet dikwels uiters aggressiewe kliënte hanteer)
- Werkspanning en uitbranding van personeel
- Onbetroubaarheid van die staat om subsidies betyds aan welsynsorganisasies oor te betaal en gevolglike kontantvloei probleme (Hierdie tendens is 'n landwye probleem en talle organisasies moes al kantore sluit, personeel aflê en kon vir maande nie hul personeel betaal nie. In Oos Kaap moes daar selfs kospakkies aan personeel voorsien word om te oorleef)
- Toenemende onrealistiese verwagtinge van die staat ten opsigte van verslagdoening oor personeel se werk (Die Departement het die neiging om welsynsorganisasies oormatig te reguleer en die papierwerk wat hieraan verbonde is, neem baie tyd in beslag)
- Toename in armoede en werkloosheid (Die ekonomiese toestande in die land bring mee dat armoede en werkloosheid toeneem en tydens die afgelope grendeltyd het hierdie probleem drasties verhoog)
- Toename in gesinsgeweld
- Toename in afhanklikheidsprobleme by tieners

Ten spyte van talle uitdagings het die personeel steeds voortgegaan om dienste aan die mees kwesbare mense in gemeenskappe te lewer. Rata het die afgelope jaar meer as 32 000 individue by dienste betrek.

Dit is hartseer om verslag te doen oor kantore wat die afgelope jaar moes sluit. Talle onsuksesvolle pogings om 'n geskikte maatskaplike werker vir Johannesburg kantoor te vind, het meegebring dat hierdie kantoor gesluit moes word. Daar is 'n tendens dat al hoe minder Afrikaans magtige persone die beroep betree, en aangesien hierdie werksarea se inwoners hoofsaaklik Afrikaans sprekend is, kon daar nie in hierdie behoefte voorsien word nie. Groot druk word deur die staat op welsynsorganisasies uitgeoefen om aan al hul vereistes (soms uiters onrealisties)te voldoen en dreigemente om subsidie te staak, verhoog die spanning by personeel.

Gedurende die afgelope Covid-19 pandemie is die Maatskaplike werk beroep as 'n essensiële diens verklaar en moes veiligheidsmaatreëls vinnig in plek gekry word, ten einde ons personeel ook te beskerm teen die virus.

Daar is in vorige verslae reeds melding gemaak van die totstandkoming van Rata 360 wat daarop gemik is om positiewe verandering by individue, gesinne en gemeenskappe teweeg te bring deur professionele Maatskaplike dienste. Rata 360 het 7 inisiatiewe identifiseer waarop gefokus word, deur korttermyn, medium termyn en langtermyn doelwitte:

- Operasionele model

- Menslike hulpbronne
- Finansiële bestuur
- Inkomste genererende dienste
- Effektiewe kommunikasie
- Bemarking
- Betrokkenheid en verantwoordelikhede van Direksielede

Die behoefte het ook intussen ontstaan om ‘n insiatief ten opsigte van die hantering van Covid-19 in die lewe te roep. Die spanleiers vergader weekliks ten einde te verseker dat momentum behou word. Daar word huidiglik sterk gefokus op uitbreiding van die inkomste generende dienste, bemarking en finansiële bestuur. Rata ervaar ernstige kontantvloei probleme weens wanbetaling van subsidie asook fondsinsamelingsprojekte wat as gevolg van die Covid-19 pandemie in die wiele gery is.

Ten spyte van die uitdagings wat Rata in die gesig staar, is die personeel steeds positief om uiters noodsaaklike dienste in ons gemeenskappe te lewer.

DANKWOORD:

Opregte dank aan die Direksie van Rata vir die leiding wat hul deurlopend bied en hul betrokkenheid met moeilike besluite wat dikwels geneem moet word. Baie dankie ook aan die ADV, elke leraar en diaken wat met Rata hande vat en meehelp om ons in staat te stel om barmhartigheidsdienste te kan lewer. Besondere dank ook aan elke personeellid vir die onbaatsugtige diens wat hulle dikwels onder baie moeilike omstandighede lewer.

Sonder die genade van ons Hemelse Vader sou Rata nooit kon volhard in ons dienswerk nie.

Mariaan Steenkamp
UITVOERENDE DIREKTEUR.